Barnabas, Scharmer en geestelike leierskap in die 21ste eeu

Leon Venter *is leraar in 'n klein stadsgemeente, Parowvallei-Oos, geleë in 'n Ring waar ses gemeentes die afgelope 12 jaar hul deure gesluit het as gevolg van die uitdagende veranderinge van verskuiwende demografie. Sy grootste belangstelling is die verskuiwende aard en rol van geestelike leierskap in die aanbrekende 21ste eeu en hy beoog om 'n doktorale studie daaroor te doen.*

Barnabas is 'n eerste-eeuse Leviet wat evangelis geword het. Otto Scharmer is 'n 21ste-eeuse bestuur-en-leierskapskenner van MIT wat navorsing doen oor die vraag: Wat veroorsaak dat sekere leiers suksesvol is en ander misluk?

Is daar 'n verband tussen Barnabas en Scharmer? Moontlik. Scharmer beskryf in sy U-teorie hoe suksesvolle leiers werk. Barnabas was 'n suksesvolle geestelike leier.

Leer van die toekoms soos dit ontvou

Scharmer se U-teorie kom daarop neer dat hy oortuig is dat die nuwe wêreld wat oral rondom ons aanbreek, só nuut is dat suksesvolle leiers nie meer die status quo in stand kan probeer hou nie, maar innoveerders en radikale revolusionêre moet wees.

"These … changes present today's leaders with a fundamentally new world in which they must be innovators and radical revolutionaries rather than agents of improving the staus quo" (Scharmer 2000, p 2).

Volgens Scharmer kon leiers vroeër op hulle kennis, insig en ervaring uit die verlede staatmaak om besluite te neem om die organisasies waaraan hulle verbonde is te lei. Dié insigte en kennis uit die verlede is egter nie meer goed genoeg in die dinamies-veranderende wêreld nie. Leiers het nou 'n nuwe uitdaging en 'n nuwe vaardigheid wat hulle moet ontwikkel: "The capacity to sense, enact, and embody the future as it emerges.

"Organizations and their leaders can develop this capability by engaging in a different kind of learning cycle, one that allows them to learn from the future as it emerges, rather than from reflecting on past experiences. I suggest calling this evolving new learning capacity *"presencing"*. The term refers to the capacity for sensing, embodying, and enacting emerging futures" (Scharmer 2000, p 4).

Geloofsonderskeiding

Hoewel Scharmer nie oor geestelike leiers nie maar oor sakeleiers skryf, beskryf sy begrip *presencing* presies die herontdekte en ontluikende vaardigheid van geloofsonderskeiding wat geestelike leiers spoedig sal moet aanleer.

Dit is 'n vaardigheid wat Barnabas bemeester het. As Leviet kon hy nie meer vanuit sy ou verstaanraamwerk en ou leefwêreld reageer nie. Hy moes leer om te reageer op hoe die Gees van God hom in die nuwe wêreld van God se koninkryk lei.

Dit is ou nuus dat ons vasgevang is in 'n geïnstitusionaliseerde kerk en dat

"Ons moet in pas kom met die *missio Dei*, nuut leer wag op die Gees, leer onderskei waar God werk en by Hom inskakel – met denke, hart én wil."

ons ou antwoorde, insigte en kennis wat in die verlede gewerk het, nie meer help nie. Ons moet in pas kom met die *missio Dei*, nuut leer wag op die Gees, leer onderskei waar God werk en by Hom inskakel – met denke, hart én wil. Dit is ons Barnabas-uitdaging. Dit is 'n vaardigheid wat nie strook met ons geïnstitusionaliseerde patroon van *downloading* van kennis, insigte en idees op mense nie.

Scharmer se U-teorie (kyk skets) behels dat leiers voortdurend deur die U moet gaan, van links bo tot regs bo. Staak *downloading*, aflaai van jou oud-verworwe insigte en kennis, skort jou kennis en insigte op. Begin nuut – met vars ore en oë – en luister en kyk. Begin kyk wat rondom jou gebeur ("sensing from the field"). Laat gaan ("letting go") jou vaste idees en voorveronderstellings en die idees en planne waarop jy "verlief" is en waaraan jy dogmaties vasklou. Dit sal iets nuuts na vore laat kom ("presencing"). Laat dit toe, kyk na die nuwe wat na vore kom, gee persoonlik daaraan gestalte met jou denke, hart en wil. *Word* die prototipe – en kyk wat gebeur!



Barnabas die Leviet het presies deur hierdie U-proses gegaan en ’n reus in die kerk van Jesus geword. En ons? Klou ons krampagtig vas aan ons sekerhede uit die verlede, of is ons oop vir transformasie in die *missio Dei* se aanbrekende toekoms?

> “Begin nuut – met vars ore en oë – en luister en kyk.”

Scharmer se beskrywing van *presencing* as ontluikende leierskapsvaardigheid, is die beste fenomenologiese beskrywing beskikbaar van die ontluikende vaardigheid van geloofsonderskeiding. Dit help ons om te verstaan wat met Barnabas gebeur het om van Leviet tot evangelis oor te gaan.

Aan die kern van Scharmer se denke oor leierskap is sy stelling: “We are blind to the deeper dimension of leadership and transformational change”. Scharmer sê die diepste rede vir gefaalde leierskap is ons onvermoë om ons blinde kol raak te sien.

Wat is dié blinde kol? Scharmer sê ons is baie kundig oor wat leiers doen en behoort te doen, maar ons is blind vir ’n uiters belangrike dimensie: “… the *source dimension* from which effective leadership and social action come into being. We know a great deal about what leaders do and how they do it. But we know very little about the *inner place*, the source from which they operate. And it is this source that ‘Theory U’ attempts to explore.”

Scharmer maak ook ons oë oop vir ons blinde kol as geestelike leiers. Ons dink as ons sekere leierskapstake uitvoer, moet dit sekere resultate lewer. Die blinde kol is dat die “inner place” van waaruit ons opereer, net so belangrik is as die aktiwiteit waartoe ons oorgaan. Dit is ons blinde kol. Dit was nie vir Barnabas moontlik om ’n Leviet in sy hart te bly en die nuwe paaie van die Gees te loop nie. Daar moes ook ’n diepe transformasie plaasvind. Iets nuuts moes in sy lewe gebeur wat sy denke, hart en wil verander het. ’n Mens verkoop nie sommer jou grond en gee jou loopbaan prys nie!

Otto Scharmer skryf op sy internet-blog (blog.ottoscharmer.com 2010):

“The key leadership challenge of our time is **to shift the inner place from which we operate**. We have to listen with our minds and hearts wide open, and then connect with our deep sources of knowing and self. It’s only when we pass through this eye of the needle – letting go of the old and letting come the emerging self – that we can begin to step into our real power: the power to collectively sense and create the world anew. Theory U describes a social grammar and practical methods for such a transformative leadership journey.”

Volgens Scharmer is die uitdaging vir leiers om ’n nuwe vaardigheid, *presencing,* te ontwikkel, “… the capacity to sense, enact, and embody the future as it emerges.The term *presencing* means to use your highest Self as a vehicle for sensing, embodying, and enacting emerging futures” (Scharmer 2000, p 4).

Die punt is: Vir ’n nuwe toekoms om te daag, moet geestelike leiers self, eerste, deur ’n transformasie soos Barnabas gaan. Hy kon nie voortgaan om ’n Leviet te wees nie. Hy moes eers deur ’n groot, dramatiese en baie persoonlike paradigmaskuif gaan.

Wat is dié paradigmaskuif?

“Going through the transformative U-shaped process allows individuals and groups to operate from a different place, where their self becomes an open gate through which new social substance flows into being. The emergence of the new social substance is a truly collective phenomenon. But it can only occur when individuals, at the eye of the needle, succeed in turning themselves into instruments of the emerging new” (Scharmer 2000, p 26).

Barnabas het ’n “deur-die-oog-van-die-naald-ervaring” gehad. Só het hy ’n nuwe sosiale werklikheid help skep, naamlik die kerk van Jesus.

“Presencing is a birth-giving activity. The experience of presencing is twofold: co-creating and giving birth to a new reality and, at the same time, being transformed and born into a new world by the very same process” (Scharmer 2000, p 26).

Gereedskap van die vaardigheid *presencing*: Luister en dialoog

Scharmer sê die gereedskap vir leiers wat die vaardigheid van *presencing* wil beoefen is *luister* en *dialoog*. Soos ’n houtwerker se gereedskap ’n hamer en ’n saag is, so is luister en ’n dialogiese vermoë die leier se gereedskap. Hoe goed die leier in die vaardigheid van *presencing* sal vaar, het te doen met hoe goed hy die gereedskap van luister en dialoog kan hanteer.

Ons sukkel om ’n kultuur van geloofsonderskeiding te vestig. Waarom? Predikante en geestelike leiers is nie geleer om te luister en dialoog te voer nie, maar te verkondig (te “download”).

Na bl. 6



Van bl. 5

Gereedskapstuk 1: Luister

Figuur 6 stel vier verskillende plekke voor van waaruit ’n sisteem kan opereer en luister tussen individue plaasvind.

By luister op **vlak 1** is my aandag net op myself. Wat ek hoor, is wat ek alreeds weet. Daarom is al my luister eenvoudig aflaai (“downloading”) en bevestiging van my eie maniere van verstaan en vooroordele. As ek nie hoor wat ek alreeds weet nie, begin ek argumenteer (Scharmer 2000, p 30).

By luister op **vlak 2** skuif die aandag weg van myself na die periferie toe. Ek gee aandag aan elke woord wat gesê word. Ek soek na dit wat my eie verwagtings en maniere van verstaan (“verstaanmodelle”) kan deurbreek. Ek weet ek luister op vlak 2 wanneer ek verras word deur iets nuuts daar buite (Scharmer 2000, p. 31).

Luister op **vlak 3** is die begin van dialoog. Dit beteken dat jy dit regkry om op subtiele wyse die wêreld deur die oog van die ander persoon te sien (Scharmer 2000, p 31).

In luister **vlak 4** is ’n self-transenderende ervaring waar die afstand tussen individue verdwyn en ons almal deel word van iets groters. Die skuif hier is weg van “aanvoeling” na “opdaag” (*presencing*) (Scharmer 2000, p 31).

So ’n vlak 3 en 4 se luister is transformerend. Dit is die soort luister wat geestelike leiers behoort te kweek: die gesamentlike of kollektiewe luister na die opdaag van die Triniteit, van die Geheel, van God self. So ’n kollektiewe “hoor van God” sal ons transformeer en ons al meer maak wat ons werklik is. Dit sal ons nuwe identiteit vanuit die bewussyn van die teenwoordige *missio Dei* laat aanbreek.

Transformasie deur die teenwoordige Triniteit

Barnabas het geluister. Toe het hy vanuit sy geïnstitusionaliseerde identiteit as Leviet oorgegaan en ’n navolger van Jesus geword wat die wêreld met liefde stormloop, bereid om op die agtergrond te dien en alles te gee vir die koninkryk van liefde wat besig is om nuut aan te breek.

Geloofsonderskeiding of *presencing,* is ’n uiters noodsaaklike vaardigheid vir geestelike leiers wat wil uitbreek uit die kille houvas wat die Christendom-paradigma op ons navolging van Jesus het. Ons het dringend nodig om elkeen, persoonlik en vanuit ’n diep innerlike kern, erns te maak met die teenwoordige Triniteit wat herskeppend by ons opdaag, soos by Barnabas. Barnabas het geluister en gewonder. In die proses is hy oorweldig, meegesleur en het God hom van Leviet na evangelis verander en herskep.

Scharmer skryf: “There is only one sustainable tool for leading change in the 21st century. This tool is the leader’s Self, Your Self” (Scharmer 2000, p 41). Ons kan nie transformasie “lospreek” en deur “downloading” bewerkstellig nie. Transformasie gebeur eers diep binne die leier, soos in Barnabas. Die transformerende krag van God werk in individue wat luisterend sáám met ander vir die Gees van Jesus oopmaak. Ten slotte bly dit ’n diep misterie.

’n Nuwe werklikheid

Barnabas was ’n Leviet wat presies deur die U moes gaan wat Scharmer beskryf. Hy moes ophou “download” uit sy Joodse kennis en tradisie. Hy moes sy kennis laat vaar, opskort en met nuwe oë kyk. Sy aandag moes van Leviet-wees af oorbeweeg na luister na die stories van Jesus. Hy het aangevoel (“sensed”) dat iets nuuts aan die gebeur is waaraan hy wou deelneem en wat deur hom wou gebeur.

Eers was dit net gedagtes (“mind”) wat geraak is. Namate die verhale oor Jesus ook Barnabas se binneste geraak het, sy hart, het hy sy wil oopgemaak en iets nuuts het begin gebeur (*presencing)*. Hy het aansluiting gevind by ’n diepe gewaarwording in homself en ander. Hy was gereed om met denke, hart en wil opnuut te begin. Hy wou nie voortgaan om nie-reflekterend, onnadenkend en slaafs aan te gaan met sy werk as Leviet asof dit die enigste lewensmoontlikheid is nie. In Barnabas het die U-gebeure aan die regterkant gekom. Hy het homself oopgestel (“letting come”) vir die opdagende werklikheid van die aanbrekende koninkryk van Jesus Christus. In hom het ’n nuwe werklikheid gekristalliseer. Barnabas is ’n nuwe prototipe, iemand wie se lewe geïntegreerd is: kop, hart en hande. Hy verkoop sy grond en gee die geld vir die apostels, stel sy lewe volkome in diens van die nuut aanbrekende koninkryk van Jesus. Sy naam verander van Josef na Barnabas wat beteken “iemand wat mense moed inpraat.” (Hand. 4:36-37).

Scharmer beskryf in sy U-teorie ’n diep fenomenologiese gebeure, naamlik hoedat die Gees van God mense verander en herskep as hulle hulleself oopstel, luisterend en wagtend vir ontmoetings. Dit gaan om ’n diep innerlike geloof in die Vader, Seun en Heilige Gees, ’n vaste oortuiging dat die evangelie die diepste waarheid oor die lewe is, dat Jesus die Seun van God is en dat Hy waarlik leef. Die voorwaarde is dat God is en ons liefhet. Dit is die innerlike ruimte van waaruit ons moet opereer, anders bly ons blinde en geïnstitusionaliseerde Leviete … anders as Barnabas.